# TOESPRAAK

## DEUR SY EDELE ADV. J. F. W. HAAK, MINISTER VAN MYNWESE EN VAN BEPLANNING OM 'N INSTITUUT VAN BEPLANNING FORMEEL AF TE KONDIG BY DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. OP 8 SEPTEMBER 1965

Dit is vir my 'n voorreg en 'n plesier om vanmiddag 'n paar gedagtes by hierdie belangrike byeenkoms uit te spreek. Alhoewel die Departement van Beplanning sopas slegs sy eerste verjaarsdag gevier het, is die verbintenis van sekere afdelings van my Departement met hierdie Universiteit heelwat ouer en is dit ook nie die eerste keer dat ek hier optree nie. Ek voel dus baie tuis in hierdie omgewing omdat ons ou vriende is maar veral omdat hierdie Universiteit met die instelling van die beplanningskursus 'n landsdiens verrig.

Sonder opgeleide stads- en streekbeplanners kan al die belangrike take wat deur Sy Edele die Eerste Minister aan die Departement van Beplanning opgedra is, nie uitgevoer word nie. Die huidige tekort aan hierdie persone is inderdaad ernstig, indien nie kritiek nie. Die vraag na fisiese beplanners is, in vergelyking met ander professies, betreklik klein maar nietemin is daar instansies wat nie sonder hulle dienste kan klaarkom nie. Die werk van sommige staatsdepartemente en waarskynlik ook van al die provinsiale administrasies en sekere plaaslike besture word vertraag as gevolg van die tekort aan beplanners.

Op hierdie tydstip sal dit geleë wees om te kyk wat die spesifieke bydrae van die stads- en streekbeplanner is tot die oplossing van ons landsprobleme. Terselfdertyd moet die vraag gestel word of daar nie 'n ander dissipline of stel van dissiplines is wat die beplanner kan vervang en op hierdie wyse die huidige tekort uitskakel nie.

Alle beplanning moet binne die raamwerk van staatsbeleid en met inagneming van staatswette gedoen word. Die primêre beleid van die huidige Regering is dié van afsonderlike ontwikkeling, en dit vind uitdrukking in 'n bepaalde fisiese patroon, dié van gebiedskeiding.

Die doelwit van afsonderlike ontwikkeling in ons dorpe en stede beteken dat 'n gebied of gebiede vir elke rassegroep aangewys en wetlik afgebaken word. Waar die beplanner,

soos ek reeds gemeld het, normaalweg binne die raamwerk van Regeringsbeleid moet beplan, is die vereistes in die Republiek egter baie hoër, want hier moet doelbewus beplan word om staatsbeleid uit te voer.

Gebiedskeiding is dikwels in die verlede geïnterpreteer as 'n eenvoudige meganiese proses wat niks anders behels nie as die aanwys van 'n afsonderlike stuk grond vir elk van die onderskeie rassegroepe. Dit is egter nie so maklik en so eenvoudig nie, want met die afbakening van 'n woongebied of van enige ander gebruik, moet terdeë rekening gehou word met die bestaande fisiese en onderliggende ekonomiese struktuur van die dorp of stad en sy streek. Indien hierdie faktore buite rekening gelaat word, en ongelukkig het dit al gebeur, is dit moontlik dat die poging om een probleem op te los weer ander mag skep of, andersyds, onuitvoerbaar mag wees.

Vir my is dit 'n onomwonde feit dat gebiedskeiding in stedelike gebiede 'n dorpsbeplanningsprobleem is en gedoen moet word deur of in samewerking met dorpsbeplanners. Die Regering se doel van rasseskeiding word verydel indien die basiese patrone wat daardeur geskep word onekonomies, onrealisties of totaal onuitvoerbaar is. Die Regering word ook in 'n slegte lig gestel en kan van onverantwoordelikheid beskuldig word as 'n geproklameerde groepsgebied weer gedeproklameer en vir 'n ander rassegroep aangewys word.

Ek is daarvan bewus dat omstandighede verander en dat daar niks staties in 'n ontwikkelende land is nie. Die opleiding van die beplanner is egter soos vanoggend aangedui, daarop ingestel om 'n dinamiese benadering aan te moedig, om 'n stad of streek in sy geheel te beskou en al die uiteenlopende aktiwiteite en elemente te koördineer en saam te snoer in 'n bruikbare geheel. 'n Beplanner wat sy sout werd is, behoort sekere veranderings te kan voorspel en binne perke, sy plan plooibaar te maak vir sommige veranderings wat nie voorspelbaar is nie.

Dit is glad nie nodig dat rasseskeiding tot 'n onhanteerbare of onpraktiese fisiese patroon moet lei nie. Rasse- en ekonomiese segregasie is 'n natuurlike verskynsel in meeste van die wêreld se groot stede, en dit is gevolglik nie onmoontlik om doelbewus daarvoor te beplan nie. Dit kan ook inpas met erkende teorieë oor stadsvorm soos die sektorteorie en die veelvoudige kernteorie. Daar bestaan ook 'n baie sterk moontlikheid dat ons erkende en aanvaarde stadspatrone

verouderd is en dat in die lig van moderne tegnologie, veral op die gebied van vervoer en verkeer, 'n algehele nuwe stadsvorm ontwikkel moet word. Hierdie aspek van Stadsbeplanning behoort 'n uitdaging vir ons universiteite te wees, en ek hoop dat hulle hul sal toespits op navorsing in die algemeen en navorsing vir gebiedskeiding in die besonder en dat hulle nie met opleiding alleen gediend sal wees nie.

Ek het kortliks geskets op watter wyse en tot watter mate die stadsbeplanner 'n bydrae kan en behoort te lewer in die proses van gebiedskeiding. Die antwoord op die vraag of dit nie deur ander dissiplines gedoen kan word nie, is sonder twyfel „ja". 'n Gebou hoef nie noodwendig deur 'n argitek ontwerp te wees nie, maar daar bestaan geen twyfel dat 'n gebou wat deur 'n argitek ontwerp is beter aan sy doel beantwoord en beter lyk as 'n gebou wat deur 'n leek ontwerp is. Om dieselfde rede is dit wenslik dat beplanning deur deskundiges op daardie terrein onderneem word.

Beplanning vir afsonderlike ontwikkeling behels in baie gevalle 'n wyer benadering as die van dorpsbeplanning. In sommige plattelandse dorpies is sekere rassegroepe so swak verteenwoordig dat hulle nie binne 'n afsienbare tydperk in 'n volwaardige gemeenskap kan ontwikkel nie. In sulke gevalle moet streekstudies onderneem word om te bepaal wat die potensiaal van die betrokke streek is, en watter dorpies as groeipunte vir verdere ontwikkeling kan dien en in die toekoms werkgeleentheid sal kan aanbied. Vir ondersoeke van hierdie aard moet die ekonoom, die geograaf, die sosioloog en die beplanner saamwerk om die beste resultate te verkry.

Streekstudies vir afsonderlike ontwikkeling kan deur enige van die dissiplines gedoen word, maar uit die aard van die saak is dit onvermydelik dat dit relatief eng sal wees as dit nie inter-dissiplinêr is nie. Die beplanner se funksie is hoofsaaklik die beklemtoning van die ruimtelike aspekte in streeksondersoeke, want hy is inderdaad 'n deskundige op 'n spesifieke faset van ruimtelike ordening.

Die fisiese beplanner kan ook 'n belangrike bydrae lewer in projekte soos die Oranjerivierskema. Hierdie skema beoog primêr om water vir besproeiing en kragopwekking beskikbaar te maak, maar dit is vanselfsprekend dat die impli kasies van die onderneming baie wyer sal wees. 'n Groter plattelandse bevolking sall indiensneming in baie ander sektore stimuleer en groter stedelike konsentrasies veroorsaak.

Die aanwesigheid van goedkoop krag, goedkoop water en 'n toename in landbouproduksie behoort gunstige omstandighede vir die vestiging van sekere nywerhede te skep, en die nywerhede sal die ander sektore verder beïnvloed.

Die groot damme wat gebou staan te word sal ontspanningsmoontlikhede skep veral as die plaaslike bevolking toeneem en die padnetwerk verbeter word. Hierdie paar gedagtes behoort te bewys dat 'n besproeiingsdam gevolge het wat vooraf bestudeer en beplan moet word. Die ligging van nuwe en die uitbreiding van bestaande dorpe beïnvloed weer die ontwikkeling van die streek en behoort nie in isolasie oorweeg te word nie.

Elke ingenieursprojek het wyer implikasies wat nie aan toeval oorgelaat moet word nie. Indien die projek groot genoeg is, word 'n kettingreaksie aan die gang gesit, want elke aktiwiteit beïnvloed en stimuleer weer ander. Die rol van die fisiese beplanner is hier tweërlei. In die eerste opsig moet hy probeer bepaal wat die fisiese gevolge van 'n projek sal wees, d.w.s. hy moet 'n gevolge- of implikasiestudie maak, en tweedens moet hy 'n ontwikkelingsplan opstel om die verskillende aktiwiteite in 'n gekoördineerde geheel saam te snoer.

Ek het kortliks uitgewy oor die implikasies van 'n spesifieke projek omdat ons almal vandag baie bewus is van die Oranjerivierskema, maar dit moet in gedagte gehou word dat die staat jaarliks talle projekte onderneem soos die bou van paaie, spoorweë en hawens, staatsgeboue, ens. en dat elkeen van hulle sekere fisiese implikasies het wat uit 'n beplanningsgesigspunt benader moet word.

Elke oorsaak het sekere gevolge. 'n Stel onafhanklike oorsake mag gevolge hê wat teenstrydighede en ander probleme veroorsaak wanneer elkeen in isolasie beskou word. Ons is almal daarvan bewus dat die koördinering van beplanningsprojekte absoluut noodsaaklik is in 'n land wat snel ontwikkel. Wat nie altyd besef word nie, is dat die gevolge van projekte ook gekoördineer moet word. Die fisiese beplanner kan ook hier 'n bydrae lewer, want tyd en plek vorm gesamentlik die fondament van stads- en streekbeplanning.

'n Aspek van beplanning wat vandag baie aandag geniet en waarskynlik in die toekoms in belangrikheid sal toeneem, is stadsvernuwing. Dit is die beplande en geprogrammeerde

heropbou van 'n gedeelte van 'n dorp of stad wat fisies of tegnologiese verouderd is.

In kapitalistiese lande is die vernuwingsproses in die verlede gewoonlik oorgelaat aan private inisiatief en gewone ekonomiese wete. Voor die koms en algemene gebruik van die motor het tegnologiese ontwikkeling min bygedra tot die proses van veroudering in ons dorpe, met die gevolg dat die tempo en omvang betreklik klein was. Hernuwing deur private inisiatief kon daarmee tred hou en die omvang van verval kon beheer word.

Die motor, sowel as nuwe vorms van massavervoer het egter die ewewig versteur deurdat groot gedeeltes van ons stede, veral in die middestad nou tegnologies verouderd geraak het, d.w.s. hulle beantwoord nie aan moderne vereistes nie. Deurdat groot areas betrokke is, is dit klaarblyklik onmoontlik om dit aan die private sektor alleen oor te laat. 'n Gulde geleentheid sal ook verlore gaan as gebiede wat hernu moet word, nie ook as 'n geheel herbeplan word nie. Die publieke sektor het dus groot verantwoordelikhede wat stadsvernuwing betref.

Die taak is myns insiens een vir die argitek, die verkeersingenieur en die stadsbeplanner as 'n span. Dit sou onraadsaam wees om enige van hierdie dissiplines of enige ander wat 'n bydrae kan lewer, weg te laat.

Die referate wat gedurende die oggend gelewer is het sekere beplanningsprobleme gemeld, o.a. die van ons metropolis-gebiede soos die Witwatersrand, die Kaapse Skiereiland, die Durban-Pietermaritzburg- en Port Elizabeth-Uitenhagekomplekse. Hierdie gebiede is van lewensbelang vir die ontwikkeling van die Republiek, en dit is noodsaaklik dat hulle behoorlik beplan word.

Die Durban-Pietermaritzburg- en die Pretoria-Witwatersrand-gebiede geniet reeds aandag en daar sal waarskynlik in die nabye toekoms 'n aanvang gemaak word met die Port Elizabeth-Uitenhage-gebied. Dwarsdeur die Weste is beplanners besig om te worstel met die beplanningsprobleme van metropolis-streke, maar tot dusver is daar geen „teksboek"-oplossing vir die probleme nie. In ons land sal baie meer navorsing op hierdie terrein gedoen moet word.

Die metropolis-streke staan ook bekend as die hoogsontwikkelde streke van ons land. Die ontwikkelde sowel as die onder-ontwikkelde streke van 'n land moet eweneens beplan

word soos mnr. Thorrington-Smith vanoggend aangedui het. Die beplanning van hierdie gebiede is van die allergrootste belang vir ons land as die desentralisasiebeleid van die Regering suksesvol uitgevoer moet word. Die sprekers het bewys dat stads- en streekbeplanners reeds belangrike bydraes gemaak het in streekstudies en met die voorbereiding van planne.

Ek voel dat ek voldoende bewys gelewer het dat die stads- en streekbeplanner 'n belangrike taak het in ons land. Alhoewel hierdie mense met baie ander professies en dissiplines moet skakel, kan hulle nie deur enige van die ander vervang word nie. Vir die vooruitgang van die Republiek is dit gebiedend noodsaaklik dat ons Universiteite stads- en streekbeplanners oplei. Ons kan hierdie mense ook nie van oorsese lande verkry nie; hulle is so skaars.

Die Departement van Beplanning het slegs 'n paar maande gelede aangedui hoe groot die behoefte aan beplanners is, en meeste van die Universiteite in die Republiek het onmiddellik daarop reager. Die Potchefstroomse Universiteit se antwoord op ons roepstem is die stigting van 'n „Instituut van Beplanning" wat die opleiding van stads- en streekbeplanners deur middel van 'n voltydse voorgraadse kursus van 1966 af sal onderneem.

Ons is baie trots op hierdie Universiteit. Deur die instelling van dié kursus gaan u die land 'n groot diens bewys ten spyte van 'n tekort aan personeel en etlike ander probleme. Aan u en al die lede van u personeel wat hard gewerk het vir die stigting van hierdie Instituut en wat nog harder sal moet werk om dit aan die gang te hou, wil ek my opregte waardering uitspreek vir die wyse waarop u hierdie taak aangepak het. Die Departement van Beplanning sal dit altyd onthou.

Ek wens die Instituut van Beplanning van die Potchefstroomse Universiteit alle sukses en voorspoed toe.